



DeeltitelForum

TERTIUS MAREE

Hoe moet jy 'n kworum bereken?

Ek ontvang twee navrae deur lesers wat verband hou met kworums op algemene vergaderings.

Verskillende maatstawwe geld, onderhewig aan die aantal eenhede in die skema asook afhanklik van die soort sake wat verrig moet word. In die geval van gewone sake – dit is sake wat by wyse van 'n gewone meerderheid van stemme beslis moet word – geld Bestuursreël 57, waarvolgens kworumvereistes in drie kategorieë val:

1. In die geval van tien eenhede of minder in die skema, vorm eienaars wat 50% van die stemme hou 'n kworum.
2. In die geval van 11 tot 49 eenhede in die skema, vorm eienaars wat 35% van die stemme hou 'n kworum.
3. In die geval van 50 eenhede of meer in die skema, vorm eienaars wat 20% van die stemme hou 'n kworum.

Hierbenewens word 'n spesiale kworum van 80% (gereken volgens deelnemingskwotas sowel as volgens aantal eenhede) vereis in alle gevalle waar 'n eenparige besluit op die agenda is. Vir die doeleindes van die

neem van 'n spesiale besluit, word slegs die normale kworum vereis.

Eerste lesersvraag

Die eerste vraag aan my gestel was of, vir die doeleindes van 'n kworum, die aanwesiges getel word volgens die aantal lede (eienaars) of volgens die aantal eenhede. Die bewoording van Bestuursreël 57, gelees met Bestuursreël 62, is hier insiggewend: *“By 'n algemene vergadering is 'n kworum – die aantal eienaars wat minstens 50 persent van die stemme hou...”* En Bestuursreël 62: *“Met die opsteek van hande het die eienaar van 'n deel een stem vir elke deel wat besit word.”*

Vir kworumdoeleindes word die aanwesiges dus getel volgens die aantal stemme wat hulle hou, gereken as een stem per eenheid. Dit beteken inderdaad dat die kworum bereken word volgens die aantal eenhede, en nie volgens die aantal lede nie.

Tweede vraag

Die tweede vraag is ietwat meer ingewikkeld. Die leser, synde die voorsitter op 'n onlangse algemene jaarvergadering waar trusteees verkies is, word gekonfronteer met die vraag of die trusteees wettig aangestel was, in die lig van die feit dat hoewel 'n

kworum aanwesig was by die aanvang van die vergadering, 'n aantal aanwesiges die vergadering verlaat het.

Dit het veroorsaak dat 'n kworum nie meer teenwoordig was toe die vergadering tot stemming oorgegaan het nie.

Sommige eienaars wil nou nie die gesag van die nuutver-

kose trusteees erken nie, en hou vol die vorige trusteees moet nog die gesag uitoefen.

Die situasie is nie 'n ongewone een nie en is iets waarop die voorsitter bedag moet wees.

Die doel van die bepaling van 'n kworum is sekerlik om te verseker dat 'n voldoende aantal lede aanwesig is wanneer besluite geneem word en nie net

by die aanvang van die vergadering nie.

Maar wat sou die posisie wees indien, soos in die leser se geval, aanwesiges die vergadering verlaat en 'n kworum nie meer teenwoordig is nie, maar die voorsitter dit nie oplet nie en voortgaan met die verrigtinge? Is die benadering van die persone wat die verrigtinge as ongeldig wil afmaak dan korrek?

In die leser se geval was die vereiste kworum wel aanwesig by die aanvang van die vergadering.

En nadat hulle die vergadering verlaat het, het sake normaalweg voortgegaan sonder beswaar of kommentaar, en so is tot stemming oorgegaan en die trusteees verkies.

Tyd is 'n faktor

My siening is dat die verrigtinge, insluitend die verkiesing van die trusteees, tog geldig was. Die tyd om beswaar te maak teen prosesse is tydens die vergadering self en nie later nie.

Indien die notule wys dat 'n kworum teenwoordig was en trusteees verkies is, is sodanige besluit geldig en kan dit net op een van twee maniere omver-

gewerp word.

- Indien die trusteees, soos in die leser se geval, later met die kworumkwessie gekonfronteer word, kan hulle die houding inneem dat die beswaar nie gehandhaaf sal word nie. Alternatiewelik en volgens hul eie keuse, kan hulle besluit om 'n algemene vergadering te roep waartydens die lede kan besluit of die besluite op die algemene jaarvergadering moet staan of val.

Indien hulle sou besluit dat dit nie gehandhaaf word nie, moet 'n nuwe verkiesing van trusteees gehou word.

- Die tweede wyse waarop die verrigtinge tersyde gestel kan word, is by wyse van 'n bevel van die hooggeregshof wat op aansoek van die beswaarmakers gebring word.

Sodanige aansoek sal natuurlik riskant wees, aangesien oortuigende bewys gelewer sal moet word van die gebrek in die verrigtinge.

- My firma bied tans 'n spesiale aanbod vir die oudit van reëls en grondwette teen 'n bekostigbare prys. Doen gerus navraag by ilse@section.co.za vir meer besonderhede.